Godsdiens werk nie

Kolossense 2:6-23

Inleiding

- Godsdiens werk nie ...maar gelukkig ...is Christenskap nie 'n godsdiens nie.

- 'n Definisie van 'n godsdiens is dat
  - dit 'n sisteem is van idees, tradisies en reëls wat,
  - as mense dit reg volg, bedoel is om so saam te werk
  - dat 'n mens weer met sy god
    - in kontak kan kom...

- Die woord 'religion' kom na bewering van die Latyn:
  - 'religare', wat 'n samestelling is tussen 're' wat 'her' of 'weer' beteken [re-use, re-cycle] en 'ligare' wat 'verbind' beteken.
  - Her-verbind.
  - Om die verbinding weer te maak.
  - Godsdiens se werk is om konneksie tussen mens en God weer te kry.

- Maar Kolossense 2:6-23 sê dat godsdiens nie werk nie.
  - Geen filosofiese idee, stel tradisies of reëls kan werk nie...
  - ...want Jesus het klaar gewerk.

- Eers word hier vir ons verduidelik
  - wat Jesus se rol is in Christene se lewens,
  - hoe godsdiens daardie plek van Jesus in 'n Christen se lewe bedreig,
  - hoekom Jesus beter is as godsdiens
  - en dan sien ons 'n paar logiese afleidings.

[Lees teks]

- So ons praat oor
  - Jesus se rol,
  - hoe godsdiens dit bedreig,
  - hoekom Jesus beter is as godsdiens
  - en dan 'n paar afleidings.

Jesus se rol in 'n Christen se lewe

- As Jesus jou Here is... ..is *Hy* jou Here!
  - Vers 6 sê dat as mens Jesus as Here aangeneem het, dan moet mens mos lewe asof dit so is... asof ***Hy*** jou Here is.
    - Daar staan letterlik
      - Bly dan in *Hom* lewe.
      - Lewe is in 'n Hom
        - Nie in 'n sisteem of reëls of wette nie

- Ons kry dan hier drie beelde wat ons help om te verstaan
  - Hoe 'n mens in Jesus en die goeie nuus oor Hom
    - Lewe kry en hou en groei

- Eerste, in Hom gewortel soos 'n boom in die grond.
  - Jy is die boom met wortels,
  - Jesus en sy werk aan die kruis is die grond wat
    - stabiliteit gee,
    - voeding gee
    - en beskerming gee vir die broos wortels
  - – nie filosofie, tradisies of reëls nie.

- Tweedens, op Hom gebou.
  - Jy is die gebou,

- maar Hy en sy voltooide werk is
  - die fondasie wat keer dat jy nie wegsak,
  - wat die patroon is vir die res van die gebou
  - en wat als stewig vashou as die storms teen jou waai
- – nie filosofie, tradisies of reëls nie.

- Derdens, vas aan Hom.
  - Jy is die slap boompie wat vasgemaak is aan Hom
  - die spalk wat
    - die boompie regop hou,
    - rigting gee
    - en keer dat dit nie knak nie
  - – nie filosofie, tradisies of reëls nie.

- As Jesus jou allesomvattende Here is...
  - waardeur die lewe van God self by jou uitkom en in jou invloei
  - waardeur God Homself met jou connect
- is 'n godsdiens van ritueelagtige filosofie of tradisies of reëls nie...
  - mos nie meer nodig om met God te connect nie

  - en dít, sê vers 6, los jou met 'n groot vloed van dankbaarheid.

- Daarom, wanneer ons uitreik na mense in ons dorp as ouderlinge en lidmate dan is dit nie
  - Om hulle in die kerk te kry
  - Hulle die reëls te laat hou nie
    - Dis sodat hulle Jesus kan leer ken as
      - Grond vir hulle wortels
      - Fondasie vir hulle lewens
      - En spalk vir hulle seer

- Dis die fantastiese lewe-gee-en-regop-hou rol van Jesus
    - Maar...

Godsdiens bedreig Jesus se plek

- ... v8 verduidelik dat jy moet oppas vir godsdiens:
  [8]Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie."

- Letterlik staan daar dat jy moet oppas dat niemand jou as buit wegvoer nie.
    - Asof jy gevang kan word en weggedra kan word deur die nonsens in ander mense se koppe.
        - Die grond waaruit jy krag trek – word ander mense se teorieë
        - Die fondasie waarop jy staan – word ander se leë argumente
        - Die spalk wat jou regop hou – word wettiese godsdienstige reëls...

- Ander grond, 'n ander fondasie en 'n ander spalk...
    - nie meer Jesus Christus nie
    - ...en so eindig jy uiteindelik op 'n plek waar Jesus nie meer jou Baas is nie...
    - maar hierdie idees en tradisies en reëls
        - – die sisteem maak als reg...
        - Jesus is effektief uit die prentjie gehaal.

- Maar wat maak dat Jesus dan so goeie grond, fondasie en spalk is
    - dat jy met net Hom kan regkom?

- Hoekom is Jesus beter as godsdiens?

Hoekom Jesus beter is as godsdiens

- Want, sê vers 9, met Jesus as die een wat propvol God is,
  - en jy wat dan Jesus as grond, fondasie en spalk het...
  - is jou direkte konneksie met God klaargemaak,
    - daar staan "in verbondenheid met Hom deel julle is sy volheid"
  - Daar is nie nog filosofie, tradisies of reëls nodig om die konneksie te maak nie.

- Maar hoe gebeur 'n konneksie met God?
  - Dis dalk jou vraag vandag want dis jou soeke...
  - of dalk wonder jy wat is fout met jou as Christen wat so leweloos is.

- 'n Konneksie met God
  - is iets wat miljoene mense probeer kry
  - daar is omtrent 4200 godsdiens sisteme vandag...
    - en die maniere is so baie omdat nie een werklik werk nie.
  - Baie soekende mense gaan maar so op die ry af en probeer een na die ander,
    - nie net verskillende godsdienste nie
    - maar ook weergawes van Christenskap.

- En as jy mooi oor jouself dink
  - sal jy besef jy het dalk ook al klomp dinge probeer om met God te connect.
  - Dis nou nie noodwendig 'n uitgewerkte godsdiens nie maar dis jou idees wat jy uitprobeer het.
    - Jy het probeer soetwees om sy aandag te kry

        - en gehoop dat Hy jou dan sal help
            - met jou eksamen,
            - of dat jou ouers nie skei nie...
            - of dat jy daardie spesiale een sal ontmoet
            - of dat jy die werk of bevordering sal kry.
        - Dalk het jy al probeer stoutwees sodat hy jou kom haal –
            - soos 'n kind wat 'n tantrum gooi sodat sy pa hom moet kom optel.
            - Enige aandag, al is dit slegte aandag.
        - Dalk het jy allerhande bygelowe oor lere en katte en spieëls en oor afgelope Vrydag die 13de.

- Sonder Jesus,
    - moet jy op 'n manier 'n stel reëls hê waarvolgens jy speel
    - en wat jy glo sal sorg dat,
        - indien jy nie só met God kan connect nie,
        - jy darem kan voel jy is in sy goeie boekies
        - of dat jy die lewe so sal oorleef,
        - of dat jy darem net kan beter voel oor jouself.
    - Almal probeer maar verskillende dinge...

- Maar dit is soos om 'n kar met 'n stukkende enjin
    - net elke keer 'n ander kleur te probeer verf, of nuwe bande op te sit...
    - en dan te hoop hy gaan híérdie keer ry.

    - Want sien, die regte egte probleem is nie buite nie.
        - Dis nie net dat jy dalk nie die regte kerk of godsdiens met sy tradisies volg
        - of nie die regte gebruike of lewenstyl het nie.
        - Ook nie dat jy dalk net die verkeerde filosofie oor die lewe het nie.

- Die probleem sit binne by die enjin... jou hart.
  - Die probleem is jy.
  - En gee nie om watter filosofie jy het, watter tradisies jy hou of watter gebruike jy probeer nie...
  - ...JY gaan altyd saam...
  - en jy weet diep binne-in jouself is jy en die toestand van jou lewe die rede hoekom jy nie met God kan connect nie.

- En dis die slegte nuus vandag:
  - Geen godsdiens werk om jou probleem hart te verander nie.
  - Ook nie as jy Christenskap as godsdiens benader nie.
- Die goeie nuus is, dat Jesus wel werk.
  - As ons sien wat Jesus doen vir ons konneksie met God,
    - sal ons besef dis beter as godsdiens:

  - V 11 sê Jesus opereer self mense se harte
    - om jou instink om sonde te doen soos 'n dier wat homself nie kan keer nie, weg te vat.
    - Hy sny die probleem uit.
  - v 12 verduidelik basies dieselfde deur te sê dat
    - om met water gedoop te word ook 'n verduideliking is
    - van 'n vuil, stinkende en afstootlike mens,
      - wat deur Jesus gewas en dan skoon en aanvaarbaar word.

- Jesus opereer 'n hart en was 'n siel deur
  - daardie sonde van die hart en die vuil van die siel op 'n papiertjie neer te skryf
  - en aan sy kruis vas te spyker,
  - waar Hyself daarvoor gekruisig is.

        - Daar is 'n bewys van skuld teen jou en Jesus het gemaak asof dit sy skuld is.
        - Die sonde en vuil is hanteer.

- Hoe gebeur die konneksie ?:
    - Die oomblik wat jy glo God kon en het dit ook vir jóú gedoen
    - deur die werk van Jesus,
        - dat Hy die konneksie van sy kant af regmaak
        - omdat jy eenvoudig nie kan nie...
    - is jou konneksie klaar reg.
        - Daardie nuus word jou grond, fondasie en spalk
    - Maar daarsonder... is daar geen manier nie...

- Dis die punt tot dusvêr...
    - godsdiens werk nie,
    - moenie daarin verstrengel raak nie...
    - Jesus het klaar gewerk en
        - is die grond, fondasie en spalk wat nodig is.

Logiese afleidings

- Nou sit ons met die logiese afleidings wat gemaak moet word - in vers 16-23:

- v16+17 - moenie dat mense jou meet en weeg deur
    - hoe jy op seker dae maak of nie maak nie
    - en of jy eet en drink wat hulle dink jy moet eet en drink nie.
        - Dit gaan hier veral oor die Joodse idees hieroor.
        - al hoe meer populêr deesdae
    - Daardie dinge was maar net soos skaduwees as buitelyne van Jesus,

        - maar Jesus het mos nou klaar gekom en sy werk gedoen.
        - Om nog aan daardie dinge vas te hou
            - is soos om eerder aan jou meisie se skaduwee vas te hou, as aan haar.

- v18 – moenie vir iemand val wat vreeslik nederig is
    - en spog oor allerhande geestelike ervarings en geestelike praktyke nie.
    - Want hy is meer daarmee besig en hoe trots hy daaroor kan voel,
        - as met Jesus.
    - En dis dan eintlik nutteloos want:
    - "Uit Christus groei die liggaam, ondersteun deur gewrigte en spiere soos God dit laat groei"
        - Hý is die grond, fondasie en spalk.

- En dan die no-brainer in v20 dat,
    - as jou hart verander is en jy dood is vir hierdie selfgemaakte maniere,
        - hoekom steur jy jou daaraan.
    - Dit lyk dalk asof dit kan werk...
        - maar dit werk nie...
        - want Jesus het gewerk...
        - en om daarin vrede te kry... werk regtig
            - om my hart te laat rus en my lewe in 'n nuwe rigting te stuur.

    - Nie meer met myself besig in Vanderbijl om reg te kom vir God nie,
    - maar nou kan ek liefdevol aandag aan Vanderbijl gee omdat ek reg is met God.

- As jy nie 'n Christen is nie,

- hoop ek jy sien raak dat Christenskap nie net nog 'n godsdiens is
  - wat vir jou probeer vertel wat jy moet doen om weer met God te connect nie.
  - Dit kondig vir jou aan dat Jesus klaar gedoen het wat nodig is vir jou om met God te connect...
- en as jy dalk kan insien dat geen mens self kan regkom nie...
- en bereid is om jou eie maniere te los...
- hoop ek jy hoor hoe goed hierdie nuus is.
- Dat jy al jou ander maniere los
  - en na Jesus en die vrede in die kruis toe hardloop.
  - As grond vir jou wortels
  - Fondasie vir jou lewe
  - Spalk vir jou seer

- As jy 'n Christen is
  - moenie dat iemand jou kroek uit die onmeetbare vrede van ware Dissipelskap
  - en jou weer in 'n plek lok waar jy dink jy moet werk vir 'n konneksie nie.
  - Want Jesus... het klaar gewerk.
  - Laat wel toe, dat daardie feit jou lewe deurtrek sodat jy
    - al hoe minder met Vadnerbijl deurmekaar is
      - en jou bekeer van al die ander maniertjies wat jy het
      - wat jy dink jou in 'n beter posisie voor God kan stel
    - en eerder met Vanderbijl deurmekaar is
      - omdat God by jou uitgekom het,
      - sodat ander hierdie goeie nuus ook kan sien.

Slot

- Godsdiens werk nie want Jesus het gewerk

- Gelukkig is Christenskap nie ’n godsdiens nie.
  - Dis ’n konneksie met God in Jesus Christus
    - As jou lewegewende grond
    - Jou regop hou fondasie
    - Jou sterk word spalk

- Godsdienstigheid dreig om hierdie lewend konneksie met Jesus te breek

- Wees daarom
  - in Hom gewortel,
  - bou op Hom
  - en spalk jouself met Hom en die evangelie oor sy betaling vir jou.
    - En draai weg van enige iets anders.

- Uit Hom kom daar groei in jou lewe...
  - om met ’n herstelde konneksie vir Hom te lewe.

Amen

Griffel van Wyk
Vanderbijlpark
15 Mrt. 2015